

Familiebrief 2018/5

Familiebrief 2018/5

16 Mei 2018

Die volgende is met geringe aanpassings oorgeneem uit 'n nuusbrief van die NG Kerk Sinode Goudland.

DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS (SAID)

EN DIE

KERK AS OPENBARE WELDAADSORGANISASIE

Afkortings wat in hierdie nuusbrief gebruik word

Afrikaans

BVE	Belastingvrystellingseenheid
NWO	Nie-winsgewende organisasie
NWO	Openbare Weldaadsorganisasies
OWO	Openbare Weldaadsorganisasies
SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Engels

NPO	Non-profit Organisation
PBO	Public Benefit Organisation
SARS	South African Revenue Services
TEU	Tax Exemption Unit

AGTERGROND

Hierdie skrywe oor **Registrasie as Openbare Weldaadsorganisasies (OWO's)** word gesirkuleer na aanleiding van 'n besoek namens die NG Kerk aan die Belastingvrystellingseenheid (TEU = Tax Exemption Unit) van die SAID.

Daaruit het dit geblyk dat daar waarskynlik verwarring en selfs onduidelikheid in die kerk bestaan oor 'n aantal sake, soos:

1. moet gemeentes/kerklike strukture register as OWO?;
2. die kwessie van fidusiêre aanspreeklikheid;
3. asook die verwarring rondom die onderskeid tussen die registrasie as NWO (nie-winsgewende organisasie, NPO in Engels) en OWO (openbare weldaadsorganisasie, PBO in Engels).

INKOMSTEBELASTING EN EIENDOMSBELASTING

Nog 'n uitdaging aan kerke is die feit dat daar dikwels in ons gesprekke en denke nie duidelik **onderskeid** gemaak word tussen die betaal van **inkomstebelasting** en die betaal van **eiendomsbelasting** nie.

Inkomstebelasting word hanteer deur die **SAID**, terwyl **eiendomsbelasting** 'n saak is wat resorteer onder die plaaslike regering (**munisipaliteit**).

Kerke geniet gewoonlik vrystelling van **eiendomsbelasting** op alle geboue wat vir kerklike doeleindes gebruik word. Waar kerke eiendom besit wat nie vir kerklike doeleindes gebruik word nie (verhuring van huise, kantore, of wat ookal wat dus as direkte handelsbedryf beskou word), kan die plaaslike owerheid op daardie eiendomme belasting hef.

Die staat het nie 'n eenvormige beleid hieroor nie. 'n Plaaslike owerheid neem eie besluite oor eiendomsbelasting.

Onderhandelinge op plaaslike vlak moet hierdie saak aanspreek. Ervaring het geleer dat die NG Kerk nie alleen hieroor met die plaaslike owerheid moet onderhandel nie. Kry vennote vanuit die hele spektrum van kerke om die gesprekke te voer.

Sover dit **inkomstebelasting** aan betref, is daar wel 'n koppeling met eiendomsbelasting, in die sin dat as kerkeiendom verhuur word vir nie-kerklike gebruik (waarop dan dalk eiendomsbelasting gehef word deur die munisipaliteit), die **huurinkomste** addisioneel ook dan belasbaar is deur die SAID – en as sodanig as inkomste aangedui moet word op die inkomstebelastingvorm.

Daar bestaan 'n gids oor die hantering van inkomstebelasting, naamlik die Tax Exemption Guide for Public Benefit Organisations in South Africa Issue 2 (19 September 2016) – verkrygbaar op SAID se webtuiste by <http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Businesses/TE0/Pages/default.aspx>.

OPENBARE WELDAADSORGANISASIE

Van die probleme wat die Belastingvrystellingseenheid tydens hul ondersoek ontdek het, is die volgende:

1. die nie-indiening van jaarlikse belastingopgawes [IT12EI] deur OWO's. Ten spyte van die feit dat baie gemeentes en kerklike strukture wel geregistreer is by SARS vir belastingvrystelling, dien hulle nie jaarliks 'n opgawe in nie – of hulle dui slegs 'n nul-balans in die state aan sonder om aan te toon hoe hulle daarby uitgekom het.
2. daar is gemeentes wat probeer om 18A kwitansies uit te reik vir donasies wat aan die gemeente gemaak is. Dis onwettig. Hierdie kwitansies kan slegs uitgereik word as 'n instansie daarvoor geregistreer is – en dan ten opsigte van 'n goedgekeurde aktiwiteit.
3. dit is egter onwaarskynlik dat gemeentes sal kwalifiseer

vir Artikel 18A registrasie, aangesien die aangeduide aktiwiteite wat daarvoor goedgekeur is, nie Godsdiens, Geloof en Filosofie insluit nie. Slegs goedgekeurde OWO's, met ook status in terme van Artikel 18A van die Wet, kan 'n 18A kwitansie aan skenkers uitreik.

4. gemeentes/ kerklike instansies laat na om besigheidsinkomste te verklaar – veral t.o.v. verhuring van geboue en konferensiegeriewe;
5. veranderinge in die konstitusies/bepaalde Kerkorde-artikels van geregistreeerde gemeentes/sinodale strukture, wat nie onder die aandag van die Kommissaris gebring word nie;
6. verandering in fidusiêre verantwoordelike persone wat nie onder die aandag van die Kommissaris gebring word nie – en waarskynlik die negering van die rol wat hierdie persone in die finansiële verantwoording van gemeentes behoort te speel;
7. in gebreke bly van kennis gee van adresverandering van gemeentes.

Hoekom registreer as 'n Openbare Weldaadsorganisasie?

Enige persoon of entiteit in die land (wat ook as 'n regspersoon geld) wat inkomste bokant 'n bepaalde bedrag per jaar genereer, is onderhewig aan die betaal van belasting op die ontvangs daarvan. Voorheen was kerke deur die wet outomaties vrygestel van inkomstebelasting. Dit is egter verander.

Registrasie as 'n OWO onder die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 (soos gewysig) [hierna die "Wet"] by die SAID is dus 'n vrywillige opsie met die oog op die vrystelling van inkomstebelasting.

Om belastingvrystelling te geniet moet 'n gemeente, 'n ring, 'n sinode en die Algemene Sinode dus registreer as 'n OWO. Sien Artikel 10 (1)(cN) [Vrystellings] van die Wet.

Die aktiwiteite van die betrokke organisasie sal dan bepaal of dit kwalifiseer vir vrystelling van inkomstebelasting onder Artikel 30 [Openbare Weldaadsorganisasies] van die Wet, of ook vir uitreiking van kwitansies onder Artikel 18A [Aftrekking van skenkings aan sekere organisasies] van die Wet, ten opsigte van donasies.

Een van die kwalifiserende aktiwiteite vir OWO-registrasie en derhalwe vir die vrystelling van Inkomstebelasting, is "godsdiens" (sien punt 6 van Basic Guide to Income Tax for Public Benefit Organisations). Daar word Godsdiens, Geloof en Filosofie as 'n goedgekeurde aktiwiteit gelys.

Gemeentes en die meeste kerklike strukture behoort dus suksesvol te wees in hulle aansoek tot OWO-registrasie.

Is ons gemeente geregistreer as 'n Openbare Weldaadsorganisasie?

Gemeentes kan uitvind of hulle as 'n OWO geregistreer is deur na *e-filing* te gaan en vir 'n aanslagvorm te vra. Die nommer op die vorm wat met 'n "9" begin, is die registrasienommer. Navraag kan ook direk by die SAID se Belasting Vrystellingseenheid gedoen word.

Hoe kan ons registreer as 'n Openbare Weldaadsorganisasie?

Om te registreer as 'n OWO moet die volgende dokumente by die Belasting Vrystellingseenheid van die SAID ingedien word:

1. vorm EI1: Voltooide en ondertekende aansoek om as 'n OWO te registreer;
2. vorm EI2: Geskrewe onderneming en onderteken deur die drie fidusiêre persone, wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie, van die organisasie wat die fidusiêre verantwoordelikheid vir die OWO onderneem.
3. gesertifiseerde afskrif van die stigtingsdokument (konstitusie) wat moet voldoen aan die vereistes van

Vorm EI2.

4. 'n goedgekeurde OWO kwalifiseer ook, onder sekere bepaalde voorwaardes in elke geval, vir vrystelling van: Oordragkoste, Boedelbelasting, Kapitaalwinsbelasting, Donasiebelasting, BTW, Vaardigheidsontwikkelingsheffing en Dividende belasting.

Al die inligting is op ons webwerf beskikbaar by <http://sinoos.co.za/said/>

Cathy Odendaal

Bedryfsbestuurder

NG Kerk Oostelike Sinode

Tel (012) 804-9543/4

Faks (086) 720-8742

FAMILIEBRIEF 2018/4

Geloofsbrief kan [hier](#) afgehaal word.

Familiebrief 2018/4

12 April 2018

SINODESITTING 2018 en GELOOFSBRIEF

Goeiedag vanuit die Sinodehuis. Ek vertrou dat dit daar by julle voorspoedig gaan en dat die Paastyd inderdaad 'n tyd van nuwe lewe en groei sal wees.

Hierdie skrywe dien as die **formele kennisgewing** van die Sinodesitting van Oostelike Sinode wat op **21 – 23 Oktober 2018** by die NG Kerk Pierre van Ryneveld plaasvind.

Ons heg hierby aan die [Geloofsbrief](#) wat julle moet voltooi met die oog op die sinodesitting. Voltooi dit volledig soos op die vorm aangedui.

Artikel 33 van die Kerkorde beskryf die afvaardiging na die sinodesitting:

"Die Sinode word saamgestel uit een predikant en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos van predikant vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die predikant afgevaardig word."

"As 'n gemeente méér as een pos vir predikant het, het die kerkraad die reg om meer predikante en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikant af te vaardig. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir predikant vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig."


Gee asseblief dadelik hieraan aandag sodat die voltooide geloofsbrief teen **30 Junie 2018** by die Sinodehuis sal wees.

Die datum van **30 Junie 2018** is ook die spertyd vir enige saak wat aan die Sinode voorgelê wil word. Sodanige sake word dan hanteer in oorleg met die gevestigde werkswyse en besluite van die Sinode.

Kontak gerus die Sinodehuis met enige navrae.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar

FAMILIEBRIEF 2018/02



14 Maart 2018

Familiebrief 2018/02

GEMEENTES VAN DIE OOSTELIKE SINODE

Goeiedag vanuit die Sinodehuis!

FINANSIËLE STAAT 2017/2018

Die einde van die finansiële jaar was op 28 Februarie – en dit beteken dat die finansiële state afgehandel moet word. Die volgende sake is belangrik:

1. Die state word hierby aangeheg. Gee dit asseblief aan julle ouditeur of rekenmeester. Gebruik slegs hierdie formaat vir die state.
2. Die besluit van Oostelike Sinode (2016) oor die opstel van state word in die state gegee. Die kerkraad moet hieroor 'n besluit neem.
3. Reël met die ouditeur/rekenmeester dat hierdie state by Oostelike Sinode moet wees teen 15 Junie 2018. Help hulle dan deur toe te sien dat alle dokumente gereed is sodat hulle die werk dadelik kan afhandel.
4. Die Basiese Inligting-vorm asook die Inventarisvorm word ook hierby aangeheg.
5. Al die vorms is ook op www.sinoos.co.za beskikbaar.

Sterkte vir hierdie besige tyd in 'n kerkkantoor!

Baie groete

Cathy Odendaal

Bedryfsbestuurder

finans@sinoos.co.za

FAMILIEBRIEF 2018/1

RIGLYNE VIR DIE VERGOEDINGSPAKKETTE VAN LERAARS VIR DIE FINANSIËLE JAAR 1 MAART 2018 TOT 28 FEBRUARIE 2019.

FAMILIEBRIEF 2017/6

Familiebrief 2017/6 word vervang met:

RIGLYNE VIR DIE VERGOEDINGSPAKKETTE VAN LERAARS VIR DIE FINANSIËLE JAAR 1 MAART 2018 TOT 28 FEBRUARIE 2019.

FAMILIEBRIEF 2017/5

VOETSOOL SINODESITTINGS

Hierdie spesiale Familiebrief nooi julle as gemeente uit na die Voetsool Sinodesittings wat vir 2018 beplan word. Lees [meer](#).

FAMILIEBRIEF 2017/3

GEMEENTES IN DIE OOSTELIKE SINODE

Goeiedag vanuit die Sinodehuis in Pretoria!

SINODALE BYDRAES 2017/2018

Familiebrief 2017/3 insake Sinodale Bydraes 2017/2018
[aangeheg](#).

Baie dankie

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

FAMILIEBRIEF 2017/1

24 Februarie 2017

GEMEENTES VAN DIE OOSTELIKE SINODE

Goeiedag vanuit die Sinode huis!

FINANSIËLE STAAT 2016/2017

Die einde van die finansiële jaar is op 28 Februarie – en dit beteken dat die finansiële state afgehandel moet word. Die volgende sake is belangrik:

1. Die state word hierby [aangeheg](#). Gee dit asseblief aan julle ouditeur of rekenmeester. Gebruik slegs hierdie formaat vir die state.
2. Die besluit van Oostelike Sinode (2016) oor die opstel van state word hier ingevoeg. Die kerkraad moet hieroor 'n besluit neem.

Die Familiereëls Bepaling 41.5 word gewysig om te lees:

Alle gemeentefondse word in 'n enkele finansiële stelsel geadministreer. Kerkrade besluit self of hulle die gemeente se finansiële state jaarliks wil laat ouditeer of slegs 'n "Onafhanklike Oorsig" deur 'n geregistreerde Rekeningkundige Beampte wil laat doen.

Voetnota: Die volgende beginsels geld deurentyd:

- *Die kerkraad is verantwoordelik om toe te sien dat alle finansiële prosesse – ook die opstel van finansiële state – by die gemeente vertrouwe skep en aan die hoogste standarde voldoen.*
- *Die kerkraad stel jaarliks 'n persoon aan om die finansiële state op te stel. Die kerkraad sien toe dat hierdie persoon onafhanklik kan funksioneer sonder enige botsing van belange.*
- *Die kerkraad behandel die finansiële state en doen*

verslag aan die gemeente nadat dit goedgekeur is.

3. Reël met die ouditeur/rekenmeester dat hierdie state by Oostelike Sinode moet wees teen 15 Junie 2017. Help hulle dan deur toe te sien dat alle dokumente gereed is sodat hulle die werk dadelik kan afhandel.

4. Die state is ook op www.sinoos.co.za beskikbaar.

Sterkte vir hierdie besige tyd in 'n kerkkantoor!

DS FRANCOIS RETIEF
BEDRYFSBESTUURDER

FAMILIEBRIEF 2016/10

8 Desember 2016

GEMEENTES IN DIE OOSTELIKE SINODE

SINODALE BYDRAES 2016/2017

Goeiedag vanuit die Sinode huis in Pretoria! Ons vertrou dat julle die laaste deel van die jaar onder beheer het.

Ons is nou in die laaste kwartaal van 2016/2017 (Desember – Februarie) vir die betaling van die sinodale bydraes. Ons Sinode se tradisie is dat elke gemeente al hulle sinodale bydraes jaarliks betyds betaal. Kom ons doen dit weer so!

Gemeentes ontvang vandag 'n staat wat per e-pos versend is. Maak asseblief seker dat die finansiële beampte dit ontvang. Op die staat verskyn die vierde kwartaal-betaling. Die bedrag betaalbaar verskyn op die staat. Waar die bedrag as 'n

"Krediet (CR)" aangedui word, word die bedrag in Februarie 2017 aan die gemeente terugbetaal. Alle betalings tot en met 30 November 2016 is hierop aangedui.

Betaling moet asseblief teen **15 JANUARIE 2017** geskied soos wat ons reëling is.

Gemeentes wat **maandeliks** betaal, moet asseblief hulle betalings so aanpas dat hulle die bedrag aangedui as "Bedrag verskuldig" **voor 7 Februarie 2017** oorbetaal. Dit gee aan ons die geleentheid om verskille uit te klaar voor die einde van die finansiële jaar.

Die besonderhede vir direkte betalings in die Sinode se bankrekening is steeds soos volg:

NG Kerk Oostelike Sinode, ABSA Bank, takkode 632005, rekeningnommer 1420-146-562

E-pos asseblief die bevestiging van betaling na finans@sinoos.co.za

Skakel gerus met enige navrae. Ons help graag hier vanuit die Sinode huis!

Vriendelike Oostelike Sinode-groete. Mag die Kerstyd vir julle vol vreugde en liefde wees.

DS FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR

FAMILIEBRIEF 2016/9

28 November 2016
Familiebrief 2016/9

5 Desember 2016

Hierdie dokument vervang Familiebrief 2016/8 waarin daar 'n fout van die ASP by kerf 4 was.

RIGLYNE VIR DIE VERGOEDINGSPAKKETTE VAN LERAARS VIR DIE FINANSIËLE JAAR 1 MAART 2017 TOT 28 FEBRUARIE 2018

Die Algemene Steunspan Predikante Sake het die riglyne vir vergoeding aangepas.

Die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode het besluit dat hierdie riglyne jaarliks voorsien word met die oog op die nuwe jaar se onderhandelinge. Dit geskied telkens in die lig van plaaslike omstandighede.

'n Meer uitgebreide dokument wat elk van hierdie aspekte breedvoerig bespreek, is op aanvraag beskikbaar.

Die *Pensioenfonds* voorsien self hulle inligting aan die gemeentes. Sodra hulle omsendbriewe beskikbaar is, word dit ook op die Sinode se webwerf geplaas. Hulle sal dit teen Februarie 2017 kan doen nadat besonderhede van Sanlam ontvang is oor die koste van die versekerde voordele. Die persentasie vir die bydraes word, soos nou reeds die gebruik is, volgens die Totale koste van Indiensneming bepaal. Kontak die bestuurder van die Pensioenkantoor, Theo Smith (012-342 0415), om hiermee behulpsaam te wees.

In die onderhandelinge oor die pakkette word die volgende

in ag geneem:

1. Totale koste van Indiensneming (TKVI)

Die TKVI riglyn bestaan tans uit die volgende komponente:

'n Traktement met as *minimum* standaard die riglyn traktementskaal soos in punt 2;

Motortoelae of 'n ampsmotor gebaseer op die riglyn soos in punt 3;

Gratis huisvesting of billike behuisingstoelae soos onderhandel in die lig van plaaslike omstandighede;

Bydrae tot die Predikante Pensioenfonds soos ooreengekom;

'n Bydrae van minstens 50% tot die groeplewensversekeringskema van die Sinode;

'n Bydrae tot die groep-mediese skema van die Sinode, naamlik Bestmed, van minstens 50% van die lid se premie;

Werkgewerbydraes tot die werkloosheidversekering: tans 'n maksimum van R148,72 per maand;

Ongevalleversekering;

Ander toelaes soos ooreengekom.

2. Traktement

2.1 Die topskaal-traktement vir 2017/2018 is met 6.5% verhoog. Die effektiewe aanpassing vir leraars wat na die volgende skaal gaan, is 10.3%. Neem die huidige 2016/2017 kerf, ken 'n kerfverhoging toe en lees die nuwe waarde van die kerf op die 2017/2018 skaal.

2.2 Elke predikant se vergoeding word vasgestel en gefinaliseer deur sy/haar werkgewer (naamlik die Kerkraad). Hierdie onderhandelinge moet 'n balans probeer vind tussen die

finansiële vermoë van die Kerkraad, die verwagtinge en behoeftes van die leraar en die diensooreenkoms tussen die leraar en die Kerkraad.

Kerf	2016/2017		2017/2018		Effektiewe
	Maand	Jaar	Maand	Jaar	% aanpassing
1	12 850	154 200	13 700	164 400	
2	13 800	165 600	14 170	170 040	10.3
3	14 750	177 000	15 220	182 640	10.3
4	15 700	188 400	16 270	195 240	10.3
5	16 650	199 800	17 320	207 840	10.3
6	17 600	211 200	18 360	220 320	10.3
7	18 550	222 600	19 410	232 920	10.3
8	19 500	234 000	20 460	245 520	10.3
9	20 450	245 400	21 510	258 120	10.3
10	21 400	256 800	22 560	270 720	10.3
11	22 350	268 200	23 600	283 200	10.3
12	23 300	279 600	24 650	295 800	10.3
13	24 250	291 000	25 700	308 400	10.3
14	25 200	302 400	26 750	321 000	10.3
15	26 100	313 200	27 800	333 600	10.3
			27 800	333 600	6.5

2.3 Afhangende van die diensooreenkoms tussen die predikant en die werkgewer word 'n diensbonus, naamlik 'n dertiende tjek aanbeveel. Die bedrag behoort een maand se traktement, sonder enige ander toelaes en voordele te wees.

3. Voertuig- en vervoertoelae

3.1 Die vastekoste-komponent vir gemeentepredikante is R68 684 per jaar.

3.2 Die lopende koste word op 142.5 sent per kilometer vasgestel. Hierdie komponent word bepaal volgens die gemiddelde aantal amptelike kilometers wat die predikant jaarliks aflê.

3.3 Voorbeelde van berekeninge volgens aantal kilometers:

<i>Aantal km</i>	<i>Bereken @ 142.5c/km</i>	<i>Vastekoste</i>	<i>Totaal</i>
12 000	R17 100	R68 684	R85 784
18 000	R25 650	R68 684	R94 334
24 000	R34 200	R68 684	R102 884

4. Ander voordele

4.1 Amptelike uitgawes soos vir kommunikasie-toerusting – dit is onder andere rekenaar, selfoon en internet – behoort per faktuur deur die werknemer van die werkgewer teruggeëis te word, óf direk deur die werkgewer vereffen te word.

4.2 Die gemeente maak ook voorsiening vir verdere opleiding. Dit vorm nie deel van die pakket van die leraar nie.

5. Ander personeel in diens van die kerkraad

Daar is nie 'n voorgestelde vergoedingsbeleid vir personeel van gemeentes nie. Elke kerkraad hanteer vergoeding en verhogings volgens eie beleid en in die lig van plaaslike omstandighede.

DS FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR